Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 24 JUNIE 2015 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H
Cloete, C M (ANC)
Cox-Chetty, Y S
Geel, B W (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, F S Humphreys, M Rangasamy en J I van der Merwe.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 NERSA: GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2015/2016 (16/2/1/2/1, 5/4/1/3)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en verwys na die publieke vergaderings wat tans deur NERSA gefasiliteer word aangaande die oorweging van die addisionele 12,5% verhoging in elektrisiteitstariewe soos voorgestel deur Eskom.

Mnr J J Scholtz verwys verder – soos uiteengesit in die verslag – na die tariewe van die Raad wat nie deur NERSA aanvaar is nie, naamlik tariewe 4, 8, 9 en 1 (blokke 1 en 2) en gepaardgaande verlies in inkomste.

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B W Geel)

(a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring van die verhoging in elektrisiteits-tariewe deur NERSA vir die 2015/2016 finansiële jaar;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die verminderde elektrisiteitstarief soos bepaal en aanvaar deur NERSA, en die beraamde verlies in inkomste ten bedrae van R420 957,00 (0.19% van die totale inkomste) as 'n resultaat hiervan, naamlik:

Tarief	Aansoek verhoging	NERSA verhoging toegestaan
4 Kommersieel alternatief <15A	12.20%	6.30%
8 Kommersieel voorafbetaal	12.20%	6.72%
9 Sportveldverligting	12.20%	0%

(c) Dat, sou die addisionele tariefverhoging soos voorgestel deur Eskom deur NERSA verwerp word, die volgende verminderde tariefverhogings soos bepaal deur NERSA nie op hierdie stadium aanvaar word nie, en dat die tariefverhoging van 12.2% met ingang van 1 Julie 2015 geïmplementeer word. Dat 'n skriftelike beswaar, met motivering, by NERSA ingedien word teen die tariefverhoging ten opsigte van tarief 1 (blokke 1 en 2), naamlik:

Tarief	Blok	Aansoek verhoging	NERSA verhoging toegestaan
1 Residensieel konvensioneel	1 & 2	12.20%	6.3% en 7.3%

4.2 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING AANGAANDE MUNISIPALE GROND-GEBRUIKSBEPLANNING (1/1)

Die Munisipale Bestuurder gee volledige agtergrond – by wyse van 'n voorlegging – aangaande die noodsaaklikheid om 'n Verordeninge aangaande Munisipale Grondgebruiksbeplanning te laat afkondig. Mnr J J Scholtz verwys na die ontwikkeling van die betrokke wetgewing as raamwerke, naamlik die *Spatial Planning and Land Use Management Act (Act 16 of 2013)* "SPLUMA" en die *Western Cape Land Use Planning Act (Act 3 of 2014)* "LUPA", en gepaardgaande herroeping van Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 "LUPO".

Mnr J J Scholtz noem dat dit belangrik is om kennis te neem dat munisipaliteite nou ten volle verantwoordelik is vir die totale proses, ook die hantering van appèlle en hofsake wat daaruit mag voortspruit, wat voorheen deur Provinsie hanteer was.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van vier raadslede) met vyftien stemme ten gunste daarvan en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag;

(b) Dat daar besluit word, met verwysing na paragraaf 3 van Hoofstuk II, dat pargraaf (b) geïmplementeer sal word ten opsigte van die opstel of wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk;

(c) Dat die Verordening aangaande Munisipale Grondgebruiksbeplanning, aangeheg as Aanhansel A, in terme van artikel 12(2) van die Stelselswet, 2000 aanvaar word vir afkondiging in die Provinsiale Koerant.

4.3 VOORLEGGING VAN 2015/2016 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/1/4/4/1)

Artikel 69 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die prestasie-ooreenkomste binne 14 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word en daarna ook aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en –planne vir die 2015/2016 finansiële jaar.

4.4 ONDERSOEK NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Die verslag tot die sakelys bevat volledige inligting m.b.t. vier destydse munisipale polisiebeamptes wat gedurende 2009 'n huis in Wesbank onregmatig betree het op grond van 'n foutiewe deursoekingslasbrief. Regsaksies was teen die munisipale polisiebeamptes ingestel, en het die munisipaliteit op daardie stadium besluit om nie regshulp aan die beamptes beskikbaar te stel nie.

Twee van die beamptes is nog in diens van Swartland Munisipaliteit. 'n Versoek is – deur middel van die vakbond – ontvang om voormelde besluit te hersien, en dat die twee beamptes se regskostes terugbetaal word, en ook dat verlofkrediete toegestaan word vir die dae wat die beamptes in die hof moes verskyn.

Die Interne Ouditeur het die saak ondersoek en is daar bevind dat ingevolge die Suid-Afrikaanse Polisiewet, Wet 68 van 1995 die regsaksies inderdaad teen die munisipaliteit ingestel moes word, en nie teen die beamptes nie. Die aangeleentheid is verder na die Dissiplinêre Raad verwys en word die Rekord van Besluitneming aangeheg.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die Rekord van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsel B tot hierdie verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawe aangegaan te word vir die terugbetaling van regskostes ten bedrae van R7 000,00 aan twee munisipale polisiebeamptes;

(b) Dat die Raad goedkeur dat gemelde regskostes ten bedrae van R7 000,00 aan die munisipale polisiebeamptes terugbetaal word en dat die bedrag as oninbaar afgeskryf word;

(c) Dat verlofkrediete aan die munisipale polisiebeamptes toegestaan word vir die dae wat hulle in die hof moes verskyn;

(d) Dat geen dissiplinêre stappe teen die beamptes geneem word nie;

(e) Dat die LUR vir Plaaslike Regering asook die Ouditeur-Generaal van die uitkoms van hierdie ondersoek in kennis gestel word;

(f) Dat besonderhede van hierdie geval van vrugtelose en verkwiste uitgawe in die jaarlikse finansiële state van die munisipaliteit aangeteken word;

(g) Dat kennis geneem word dat regsgedinge teen verkeers- en wetstoepassingsbeamptes teen die munisipale raad ingestel moet word, en dat bestuur opdrag gegee word dat nalatigheid deur enige beampte onmiddellik ondersoek en die nodige bestuursaksies onderneem moet word om ‘n herhaling van sodanige uitgawes te verhoed.

4.5/...

4.5 OPGRADERING/VERVREEMDING VAN DIE N7 MALMESBURY: GEBRUIKSREG-OOREENKOMS MET SANRAL (12/2/B)

'n Versoek is vanaf SANRAL ontvang om die gebruiksooreenkoms ten opsigte van 'n gedeelte van erf 11217 Malmesbury te kanselleer, aangesien 'n kleiner area benodig word as bergingsfasliteit.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van SANRAL se versoek dat die gebruiksooreenkoms ten opsigte van ‘n gedeelte van erf 11217 Malmesbury vir gebruik as ‘n bergingsfasiliteit vir ‘n periode van drie jaar, gekanselleer word en dat ‘n nuwe ooreenkoms gesluit word ten opsigte van ‘n gedeelte van 3.5200 hektaar (in plaas van 6.3447 hektaar), teen betaling van kompensasie ten bedrae van R704 000,00 (in plaas van R1 268 940,00), BTW uitgesluit;

(b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder om in te stem tot die kansellasie van die gebruiksooreenkoms van 24 Februarie 2015 en die sluiting van ‘n nuwe ooreenkoms in die plek daarvan, deur die Raad gekondoneer word.

4.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING OF VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN GEDEELTE 32 VAN PLAAS 560, YZERFONTEIN (12/2/B)

Die Raad het op 26 Maart 2015 in beginsel goedkeuring verleen dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir hetsy die vervreemding of verhuring van ‘n gedeelte, groot ± 2.7 hektaar van Gedeelte 32 van Plaas 560 Yzerfontein, welke ontwikkelingsvoorstelle komplementerend tot die bestaande WACS-kabel infrastruktuur-korridor in die omgewing moet wees.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die publieke deelnameproses loop tot Vrydag, 26 Junie 2015. Daar is egter reeds 'n beswaar ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging gedateer 23 Junie 2015. Die Munisipale Bestuurder noem dat die voorwaarde waarteen beswaar aangeteken word, juis ingebring is weens die kompeterende voordeel wat die ligging van die betrokke erf inhou aangrensend tot die vullisstortingsterrein en WACS-kabel.

Mnr J J Scholtz versoek dat die bevoegdheid om met die besware te handel aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedelegeer word, ten einde die proses spoedig af te handel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om te handel met die beswaar van die Yzerfontein Inwonersvereniging sowel as enige ander besware wat teen die sperdatum op 26 Junie 2016 ontvang mag word.

GETEKEN:
SPEAKER